VAN ONS SUSTERS

Ons eerste Sustersvergadering na die reses, vind plaas op **Dinsdagaand 7 Augustus** in ons saal. Bring gerus vir u 'n kombersie en 'n kussing om op te sit saam. Ons saal kan nogal koud word in die aand. Ons hoop om julle elkeen daar te sien.

Optrede deur Willemien van Heyningen.

Het jy ook al gewonder hoe die mense rondom Jesus Hom ervaar het?
Ons Susters het Willemien van Heyningen (GK Bult) genooi om een van die 23 sketse uit haar boek *VAN JESUS GEPRAAT* vir ons te kom voorlees.
Neem gerus 'n pamflet wat besonderhede van die boek uiteensit. Pamflette is op die tafel by die preke en gehoorstelle in die kerk beskikbaar.

Die boek sal ook te koop aangebied word.

Sustersverkoping van 2018 beloof om 'n heerlike kuier en koop geleentheid te wees. Om nie te praat van die lekker saamwerk nie. Wanneer almal in die gemeente saamwerk aan 'n projek leer jy regtig mense beter ken. Onthou jy is nie te nuut om betrokke te raak nie. Daar is soveel idees en planne om hierdie jaar se verkoping 'n reuse sukses te maak.
Indien jy bereid is om êrens leiding te neem, kontak gerus vir Karin Bain – 082 532 1620

Maak 'n aantekening van hierdie datum *27 Oktober 2018*

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.
Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.
Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak
Susters van wyke A5 en A6 versorg vandag die tee en
Wyksusters van A5 is **Leana Mostert** en **A6** is **Hanlie Jordaan**.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 23 Sondag 29 Julie 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Loffie Eloff** B2, **Frans Coetzee** B3, diakens wyke B2 en B3 is vakant.
Teeskink na die erediens: Susters van wyke A5 en A6. Leana Mostert en Hanlie Jordaan is die wyksusters van die wyke.
Diens Huis Eikelaan: Ouderlinge van B2 en B3. Loffie Eloff en Frans Coetzee
Bussiediens: Vandag ry **Andries de Klerk** 084 440 1661
Sondag **5 Augustus** ry **Gert Kruger** 072 314 5534

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skrifgedeelte: Haggai 1: 1 - 15
Fokusgedeelte: Haggai 1: 2, 15
TEMA: Die volheid van die lewe is leeg sonder die Here
SING: Psalm 66: 1, 2, 5; Psalm 73: 9, 10; Psalm 121: 1 – 4;
Psalm 107: 16 - 18, 21.

AAND: Skrifgedeelte: 1 Petrus 1: 13 - 21
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1: 18, 19; 1 Korinthiërs 6: 20
Dordtse Leerreëls 2: 3, 4
TEMA: ***Christus se volmaakte offer om die uitverkorenes te verlos, is van onberekenbare waarde.***
SING: Psalm 148: 1, 2; Psalm 119: 62, 63;
Skrifberyming 24: 3 - 5 (Tema 1 - 1)

LIEF EN LEED

Kotie Bisschoff is steeds in die intensiewe eenheid van die Urologiese hospitaal van Pretoria. Ons dra haar aan die Here se troue sorg op. Mag Hy haar in sy ewige liefde vertroos en versterk.

Dagboek

5 Aug: **Kerkraads-vergadering**
6 Aug: **Diakonie vergader om 18:00**
7 Aug: **18:30 Susters vergader in saal**

Pieter Stoker het sy woonstel by Huis Eikelaan ontruim en word versorg aan huis van sy jongste seun naby Hartbeespoort. Ons weet dat die Here hom ook in sy ouderdom nie sal verlaat nie. Ons bid vir hom en die kinders baie sterkte toe.

Dankie

Dankie is 'n woordjie wat sê net hoe ons voel en ons bedoel dit opreg! Baie dankie vir elke sms, oproep en al die besoeke met Ronald en my verjaardag.
Ons het regtig geliefd gevoel. - *Groete Karin*

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir die **Teologiese Studentekas**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir ons gemeente se **Jeug**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens**

KATEGESE Vandag moet julle **Les 18** en **Psalm 65: 2** ken.
Maandag lees *Laat my lammers wei* Hoofstk 53
Volgende Sondag moet julle **Les 19** en **Psalm 66: 1A** leer.
Katkisasie vir hoërskoolkinders op Woensdae om 14:15
vir Graad 8 – 10. 17:10 vir Belydenisklas by die pastorie

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies begin weer hierdie week:
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 by die pastorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.
Bybelstudie by **Huis Eikelaan** begin egter eers weer in **Augustus**.

VERGADERINGS in Augustus:
1 Augustus: **Finansiële kommissie** vergader om 18:00 in die kantoor.
5 Augustus: **Kerkraadsvergadering** na die aanddiens
6 Augustus: **Diakonie** vergader om 18:00 in die kantoor
7 Augustus: Die **Susters** van ons gemeente vergader om 18:30 in die kerksaal. *Sien besonderhede op agterblad*.
19 Augustus: **Kerkraad en Diakonie** vergader na die aanderediens
22 Augustus: **Sangkommissie** vergader om 17:30
24 Augustus: **Gemeente-aand en Hamburgerbraai** vanaf 17:30

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende die week verjaar baie geluk met hul verjaardag:

29 Julie	**Jan de Vos,** Mareestraat 87, ☎ 072 500 7652
30 Julie	**Mietsie Harman,** Totiusstraat 11, ☎ 079 930 9824
31 Julie	**Orrie Oosthuizen,** Teologiese woonstel 2, ☎ 082 871 9007
	Nelly van der Spoel, Nieuwestraat 16, ☎ 072 733 5017
2 Aug	**Brechtje Jooste,** Sol Plaatjiesstraat 131, ☎ 082 922 0181
4 Aug	**Hendrik du Plessis,** Mooihof 1C, ☎ 083 675 7987
	Santa Meyer, Chopinstraat 17, ☎ 072 289 4378

Jongmense

Ons het 'n lewendige groep jongmense wat elke Woensdagaand 18:30 in ons Jeugkamer – agter die saal by die trappe op – bymekaar kom. Hulle doen dan Bybelstudie en drink lekker koffie saam.
Die oulike en baie knap bestuur vir die komende jaar is: Elizna, Gert Kruger, Willem van Heerden, Clarine Roscher, Carma van Niekerk, Corné Kruger. Skakeling met ander jongmense in die dorp is Arjan van der Meer en Corneli Bischoff.
Ons sien uit daarna om te hoor wat hulle reël. Vir Ruan Drijfhout wil ons baie dankie sê vir al sy reëlings en moeite die afgelope tyd.

ATTESTATE Attestate ontvang: Vanaf die Gereformeerde Kerk Cachet:

Marietjie Greyling, Steve Biko 26, Potchefstroom, sel 076 151 8657. Sy is in **Wyk D2**. Die ouderling is Banie Boneschans, diaken Theunie Chamberlain. Wyksuster is vakant.
Ook vanaf GK Cachet: **Jan Riekert,** Plot 379 Vyfhoek, sel 078 445 4044. Hy is in **Wyk D2.** Die ouderling is Banie Boneschans, diaken Theunie Chamberlain. Wyksuster is vakant.

Baie welkom in ons gemeente

Met attes vertrek: Wouter en Jozelle Smit met dooplidmaat, **Zelmi,** na die Gereformeerde Kerk Vereeniging. *(Wouter word vandag as predikant in die gemeente bevestig).* Ons wens hom en sy gesin sterkte en die Here se seën toe in sy nuwe werk.

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord.
Melissa Kent sal die foto's neem